

Titus 3:4-7 Kersfees 25 Des. 2015

Vroeër was ons ook onverstandig, ongehoorsaam, op die verkeerde pad, verslaaf aan allerlei begeertes en sin-genot; ons het ons lewe in kwaadwilligheid en jaloesie deurgebring; ons was haatlik en het mekaar gehaat.

Maar toe het die goedheid van God ons Verlosser en sy liefde vir die mens verskyn. Hy het ons verlos, nie op grond van iets wat ons vir ons vryspraak gedoen het nie, maar op grond van sy eie ontverming. Dit het Hy gedoen deur die bad van die wedergeboorte en vernuwing deur die Heilige Gees. God het die Heilige Gees oorvloedig op ons uitgestort deur Jesus Christus ons Verlosser. So is ons dan deur sy genade vrygespreek en het ons erfgename geword van die ewige lewe wat ons verwag.

Liewe gemeente,

Veels geluk met die verjaardag. Op verjaardae vier ons fees. Ons gedenk tydes verjaasdae in dankbaarheid aan die jare wat teruglê en vra die seën vir die tyd wat voor ons lê. En ons deel die vreugde deur ander mense uit te nooi, deur geskenke met mekaar te deel en iets goeds vir onself te gun.

Goed so - ons vier fees! En dit desnieteenstaande teen diegene wat Kersfees wil afbreek, wat beweer dat ons geen datum van Christus se geboorte ken nie en daarom eintlik besig is om 'n heidense fees te ondersteun. Wel, sou ons antwoord, weet jy dan wanneer jy gebore is? Maak jy ook jy staat op wat ander mense vir jou vertel het dat dit die dag en datum was wanneer jy in die wêreld ingekom het nie? So, ook vir ons maak dit nie rerig saak, op presies watter dag ons vier nie, maar dit maak wel saak dat ons om die regte redes vier.

So wil ons ook fees vier, desnieteenstaande die wêreld rondom ons dikwels net “Krismas”-party hou, waar dit oor drank en joligheid gaan.

Waarom wil ons dan fees vier? Paulus gee vir ons die antwoord: *Maar toe het die goedheid van God ons Verlosser en sy liefde vir die mens verskyn, het Hy ons verlos ...*

Dit is die bedoeling van die preek juis om ook op enkele woorde stil te staan, sodat ons sal verstaan, om dan op te staan en ons man te staan. (Verduidelik met projektor die struktuur van die ingewikkelde teks)

Luther het die Evangelie per geleentheid met 'n harde neut vergelyk. Van buite af is dit hard en onaantreklik. Maar as jy die neut gekraak het, mag jy die soete smaak van die neut geniet. Hier het ons só 'n woord wat soos 'n harde neut geknak moet word. En dit is die woord “goedheid”. Wat is hierdie “goedheid”? [En ons vandag op hierdie Kersfees 2015 slegs hierdie woord ter harte geneem het, dan is dit goed.]



In die oorspronklike Grieks staan “**filantropia**” (= goedheid, vriendelikheid). Nou hoor ons dadelik 'n ander woord uit, waarmee ons in Afrikaans reeds vertrou is - filantropies, of filantroop. Die woordeboek sal vir ons verduidelik dat iemand wat 'n *filantroop* is, is 'n persoon wat hom / haar deur goeie dade vir die welbehoeve van die mensdom beywer. Ons ken in die Suid-Afrika heelwat filantropes, soos mense wat hulle insette gelewer het om slawerny in die 19de eeu af te skaf. Hulle het gesê: dit mag nie wees dat een mens bo 'n ander sò beheer uitoefen dat sy menseregte aangetas word nie. Filantropie is weldoeners soos wanneer Raymond Ackermann van sy miljoene Rande aan minder bevoorregtes gee,

of soos Bill Gates sy miljarde Dollars gebruik om teen kinderverlamming inrigtings stig, soos wanneer Hospice inrigtings opstel om sterwendes te begelei.

Bedoel die Bybel dat God nou ook 'n "filantroop" sou wees, dat Hy Hom vir die welbehae van die mensdom beywer? Sekerlik wil God sy *goedertierendheid* aan die mensdom bewys. Maar tog moet die term nog baie verder geneem word, wanneer ons van God praat. [Die Engelse vertalings het hier woorde gebruik soos *kindness, loving kindness, goodness, benevolence* en *grace*. Miskien hou ek meer van die Duitse woorde wat praat van *Güte, Freundlichkeit, Leutseeligkeit*.] Keer ons terug na die Afrikaans sou ons dalk eerder *vriendelikheid, goedgesindheid* of *milde toenadering* gebruik. God nader ons ...

Miskien mag ek 'n ander voorbeeld gebruik: Dit is wanneer ons almal in 'n hysbak staan. In 'n hysbak wat mense op en af vervoer, weet ons mos nou staan mense baie naby mekaar - té naby. Hulle maak inbreuk op mekaar se privaatsfeer, nie waar nie? En mense beskerm hulle self gewoonlik en word stil. Hulle kyk op of af, hulle beweeg nie, hulle gesigte is verhard. Elkeen is met sy eie gedagte besig.

Sê nou maar, ek staan hier in die middel en weet ook nie wat om te doen nie. Skieklik sou iemand vir my glimlag of 'n grappie vertel - en dadelik is die hele atmosfeer anders. Iemand sou 'n vriendelik woord sê - en alle gemoedere is verlig. Die atmosfeer is nie meer vyandig nie; ek hoef myself nie meer te beskerm nie, maar ek weet ek is in goeie geselskap; ek kan oopmaak; ek kry vertroue in my medemens. Dit is "filantropia" - die *vriendelikheid van God* word nou sigbaar.

En welliswaar **wanneer God sy vriendelikheid bewys, dan verander die hele atmosfeer**. Wanneer vir ons op Kersfees verkondig word: *Vandag is vir julle die Heiland gebore, dit is Christus die Verlosser!* - dan verander alles. Wanneer God in mensegestalte na ons mense toe kom, dan mag ek weet: Hy word nou my vriend. Hy is nie (net) meer die hemelse Regter wat soos 'n polisieman waak hou oor my doen en late, maar Hy is nou vir my *goedgesind*. Hy kom in my wêreld in - maak nie saak hoe deurmekaar of hoe georden dit ook al is nie. Hy word ene soos ek en aanvaar my onvoorwaardelik. Nou mag ek weer asem haal, nou mag ook ek mens wees. Nou geld die beginsel van *genade* en goedgesindheid.

Maar ons is nog nie klaar met die Griekse term "filantropia" nie. Ons moet nog verder die raamwerk bou wat Paulus hier bedoel. **Hoe het God se vriendelikheid dan aan ons verskyn?** Op Kersfees basuim ons dit uit: God kom in die gestalte van die klein baba Jesus, in die kind in die krip (en later die man aan die kruis). Dit is die manier hoe God Homself openbaar.

Nee, nie as magtige generaal wat alle vyande met wapengeweld sal verbrysel nie; ook nie as liewe kersfeesvader wat vir almal geskenke saambring nie, nie as president wat vir almal 'n beter lewe belowe en dit tog nie gestand kan doen nie. Hy kom as 'n selletjie, dan 'n embrio, dan in die gestalte van 'n baba word Hy sigbaar vir almal. En almal kan Hom nader ... eenvoudige herders, wyse manne uit die Ooste, ens.ens.

'n Baba is hulpeloos en is blootgestel. 'n Kind het beskerming nodig en moet gelei word. Vir my is dit een van die hoogste hemelse geskenke dat ek self kinders mag hê - en miskien het dit vir my eers deur eie ervaring duidelik geword wat hierdie *vriendelikheid van God* beteken.

Het jy al 'n baba vasgehou en skielik glimlag die klein dingetjie vir jou? Wat se reaksie ontlont daardie tere, sagte glimlag by jou uit? Is dit nie dat jy dadelik sal terugglimlag nie? Is dit nie 'n gevoel van geluk nie? Is dit nie die glimlag van God wat na jou deurdring nie? **Is dit nie wat Kersfees beteken nie: God glimlag weer vir ons!** Met alle hemelse vriendelikheid kyk Hy na ons en ontmoet ons weer op die mees menslike vlak denkbaar.



En so verstaan ek ook die wonder van Kersfees vandag: Jy mag Hom nader soos jy is, en jy mag Hom sien soos Hy is. Oortref dit nie nog die menslike vlak nie? 'n Ouer moet mos eers deur baie moeite gaan voordat die ouer die glimlag van 'n kind “terug kry”. 'n Kind kos baie energie en moeite; 'n baba maak sy doeke vuil en huil senuweetergend; 'n kind roof jou blykbaar van jou kosbare tyd en gee vir jou slapelose nagte - maar reeds dan is alles die moeite werd wanneer die ouer skielik onverwags beloon met 'n hemelse glimlag. Hoeveel te meer verbly die vriendelikheid van God!

Nee, weereens ons wil nie 'n soort werkgeregtigheid verkondig nie, so asof ons eers moeite moet doen vóórdat God vir ons glimlag nie. Paulus verduidelik mos klikklaar dat *God se vriendelikheid verskyn het niè opgrond van enige iets wat óns gedoen het, maar alleen uit sy liefde vir ons, uitgenade alleen.*

Dit is net, dat ons vandag mos ook op soek is na Kersfees. Moet ons nie tog insette lewer voordat God sal kom? Ons volwassenes weet mos dat die kind in die krip miskien nog sentimentele oulike gevoelens wek, maar waar sien ek dan die vriendelikheid van God in my alledaagse lewe? In die winkels? Op die TV? In die politiek - inderdaad in die politiek, maar dan bedoel en vanselfsprekend *die mense* (nie partypolitiek nie). Ek raak betrokke by mense, by die werk, in my beroep en familie. Ek sien dit wanneer ek moeite doen, wanneer ek begin omgee, wanneer ek toelaat dat ander mense in my “private” sfeer inkom, wanneer ek uitreik en hulp verleen aan diegene wat dit nodig het. Die vriendelikheid van God is reeds daar – ek sal net moet leer om dit raak te sien, nie waar nie?

Later verduidelik Jesus byvoorbeeld vir sy dissipels: wie ook al vir julle 'n beker water gee, sal die loon van 'n dissipel ontvang. Wie gasvryheid beoefen, het al engele herberg gegee. Wie 'n kind opneem, neem God self op. Of watter daad daar ook al gedoen word - dit gaan oor die uitreik met God se liefde. Diegene wat die Evangelie uitleef, diegene wat dit dòèn, sal ook die heerlijkheid van die Here aanskou.

Hoe is dit dan dat bv ook van moeder Terese gesê word, wanneer sy sterwendes begelei en sy in die oë van kwynendes kyk, dan was dit vir haar asof sy in die oë van haar Meester Jesus kyk. ... God se heerlijkheid in die oë van sterwendes?

Wyle Pastor Ernst-Agust Albers het dit met oortuiging verkondig: die kruis wat jy dra, dra jou. Die lyding wat jy verduur, is Christus se lyding; die dood wat jy sterf, is sy dood. En daarom is ook die opstanding van ons Here Jesus Christus jou opstanding.

Vra jy dus, waar is jou Kersfees? Dan antwoord Paulus: *God het ons salig gemaak deur die bad van wedergeboorte en vernuwing deur die Heilige Gees. Die Gees het Hy ryklik oor ons*

uitgestort deur Christus ons Here.” Ja, dit is dieselfde Gees wat Christus werksaam was, wat ook in jou en my werksaam is. En deur die boodskap te glo, sal ook ons die heerlijkheid van God aanskou - nou reeds in hierdie wêreld, maar eendag na ons sterwe onverbloemd en duidelik.

Vra jy waar is jou Kersfees? Dan doen wat Christus beveel het. Glo en vertrou vas daarop dat God met alle hemelse genade vir jou glimlag - en met daardie glimlag sal jy instaat wees om ook vir die wêreld met goddelike vriendelikheid te glimlag.

En liewe gemeente, dit is wat ons gemeente wil doen: Ons wil dit vir die wêreld Kersfees laat word. Ons wil Christus in die wêreld inbring - by ons gesinne, werksplekke, na ons vriende en na vreemde mense.

Ons is gered, ons hét die saligheid ! - nee, ons het dit nie omdat óns so wonderlike, goeie mense is nie, maar omdat Gód ons so wonderlik goed gemaak het. Ons is soos Maria wat maar 'n eenvoudige, niksbeduidende meisietjie was in die klein berugte dorpie Nasareth. Vir haar het die Here uitgekies om draer van die hemelse geskenk te wees. Ook vir jou en my het God uitgekies om draer van die Heiland vir die wêreld te wees.

En soos Maria na 9 maande geboorte aan die kind geskenk het, só wil ons ook uitleef wat die Here in ons gegee het: sy Heilige Gees. En as ons die vrug van die Gees voortbring, sal ons ook soos Maria die kind in die krip mag aanskou, sal ook ons God se heerlijkheid raaksien en God in die hemel prys.

Is dit maklik? Soms ja - doen eenvoudig wat die Here jou beveel. Soms egter word ons ook soos Maria en Josef op vlug gedryf; soms verg dit baie moeite en senuwee-tergende insette. Is dit die moeite werd? Wie al die glimlag van 'n baba raakgesien het, sal weet: ja, só 'n geluk kan nie met geld gekoop word nie. So het ook die Here vir ons die hoop op die onverganklike en heerlike lewe gegee. Nou al mag ons hier en daar iets van die heerlijkheid van die hemel aanskou, maar eendag sal ons Hom sien, soos Hy werklik is. Aan Hom gee ons alle lof eer en aanbidding. Amen.

En mag die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, julle harte en sinne, ja julle hele wese bewaar in Christus Jesus, onse Here. Amen.

